**Woensdag 2 Mei**

| **Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5-10** | **Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5** |
|---|---|

# Lig is LEWE!

Lewe in sy volste sin moontlik is net in ’n innige verhouding met Christus en die Vader te vinde. Hierdie verhouding gebeur net in die Lig. Net soos enige lewe op aarde van son-lig afhanklik is, so kan die nuwe lewe in Christus net in die Lig gebeur. Die rede? God is LIG! Hy maak self sy heiligheid aan ons bekend. Sy heerlikheid skitter in Christus, soos die eerste strale van die son ná ’n lang, donker nag. As Lig wys Hy nie net ons sonde aan ons uit nie, maar in Christus verdryf Hy dit ook uit ons lewens uit deur sy Gees.

Johannes vergelyk op ’n paar plekke die sonde met “duisternis”. Sonde waarin ek vol-hard en waarvoor ek altyd verskoning kry, verbreek my verhouding met God en my naas-te. Om onbekeerd in my sonde te volhard, beteken om in ’n donker kas weg te kruip sodat Christus nie my lewe kan verlig nie. So ’n lewe is ’n lewe sonder die Vader en die Seun, “want hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duister” (2 Kor. 6:14)?

Die weg terug vanuit die donkerte na die lig is dié van skuldbelydenis. In hierdie lewe is dit ’n stryd wat die gelowige daagliks stry. Daagliks beweeg die Gees ons meer en meer vanuit die donkerte na die Lig toe. Natuurlik kan ons vasstaan in die heerlike sekerheid dat die Vader getrou is en dat Hy my reeds in Christus van alle skuld kwytgeskeld het.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*